LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

04-09-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 30 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **VARKFEES:**

Baie dankie aan elke personeellid, ouer en leerder, OOV Mamma, BL lede: Mnr Petrus Steyn, Mnr Hendrik de Wet, Dr Schalk Potgieter, Dr Willem Sprong, Dr Dirk Verwoerd, Mnr Mof Krugel, Hoër Volkskool personeel, SAPD, GPF, Fidelity en elke ondersteuner vir julle ondersteuning en harde werk om van hierdie Varkfees 'n sukses te maak. Julle is regte staatmakers!

2 **FOTODAG**:

Ons neem foto's op 26, 27 en 28 September 2017. Die individuele skoolpakkette beloop R60 (1 x A4 en 1 x A5). Daar is ook 'n spesiale Canvas vir R70 beskikbaar. Kinders sal later bestelvorms ontvang wat by registerklasse betaal kan word.

3 **KOOR**:

HORIZONS KONSERT:

Horizons is 'n interaktiewe koor/sang konsert, gevul met geestelike en sekulêre wenke. Konsert vind plaas op 10 September om 15:00 in die Klipkerk teen R100 per kaartjie. Indien iemand belangstel skakel asb vir Lanie Coetzer vir kaartjie bespreking. Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees.

KORE:

- Daar is GEEN Junior- of Seniorkoor oefening vir die week nie.
- Die Junior- en Seniorkoor program vir 3de kwartaal:

Wo	6 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-
Wo	13 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-

Wo	20 Sept	14:00 - 15:00	Snr koor	Oefening
Wo	27 Sept	Geen oefening	Jnr en Snr koor	-
Don	26 Okt	Kultuurkonsert	Jnr en Snr koor	Gekombineer met koorafsluiting

4 **LANDLOOP**:

- Oefening - Maandag tot Donderdag vanaf 16:00 tot 17:00 by Hoërskoolbane.
- Baie geluk aan elke atleet met julle pragtige tye van die afgelope naweek by die Gauteng kampioenskappe. Julle was sterre!

5 **EISTEDDFODS:**

Alle Eisteddfod tye is uitgegee, indien daar enige navrae is oor tye wat kort, vra asb by Juf Helanie of Juf Lizelle.

SUIKERBOSRAND:

Die 2de deel van die Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 11-15 September, vokaal en musiek: 18, 19, 20 September. Dit sluit die volgende afdelings in: Drama (11-15 Sept te TPA Saal); Kuns; Vokaal (sang) & Instrumentaal (18-20 Sept te Laer Volkskool). Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 15 September. Tema: Bome. Formuleer ook 'n naam vir jou eie kunswerk.

Suikerbos Deel 2 se tye is uitgegee. Alle navrae vir Juf Lizelle en Juf Helanie.

Bring asb jou oorspronklike sertifikaat, geen afskifte nie.

6 **HOKKIE**:

Die 1ste en 2de span dogters speel môre wedstryd by Dick Fourie teen Vryheidsmonument.

7 **MINI-HOKKIE:**

Wedstryd datums is soos volg - almal by Arconpark en dit begin 14:00.

Donderdag, 7 September

8 **MINI-KRIEKET:**

- Oefening is Maandag en Woensdag vanaf 14:00 tot 15:00 by die skool se velde. Sorg asb vir 'n hoed en water.
- Inligting sal deurgegee word van Saterdag se wedstryd by Voorwaarts.

9 **KRIEKET**:

Wedstryde begin om 14:00.

SPANNE	WANNEER - DATUM	WAAR
1ste	5 Sept	Weg
2de	5 Sept	Weg - Meyerton Primary
0/11A	7 Sept	Weg
0/11B	7 Sept	Weg - Destinata
0/11C	Sal laat weet	

10 **SKAAK**:
Onthou asb van 9 September se Gauteng Skole skaak. Inligting sal deurgegee word

11 **FIELA SE KIND:**
Hoër Volkskool bied aan die regte, egte Fiela se kind produksie met oorspronklike akteurs, op 14 -16 September 2017 om 19:30 vir 20:00. Koste beloop tussen R100; R160 en R200 per bespreekte sitplekke. Kontak vir Ria Fourie by 0163413165 of 0835641589.

12 **SPREEKKOOR**:
Ons oefen vandag, 4 September vanaf 13:00 tot 13:30 in Juf Monica se klas. Daar sal geen oefening wees op 11 September nie.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF